Pretoria- 13 Julie 2014

Skriflesing: Genesis 3:9-23
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 17**
Teks**: Genesis 3:9, 15**
Sing- Ps. 146:4; Ps. 119:12; Ps. 105:5

Genesis 3:9-23

Gen 3:9 Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy?
Gen 3:10 En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.
Gen 3:11 En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?
Gen 3:12 En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet.
Gen 3:13 Daarop sê die HERE God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: Die slang het my bedrieg, en ek het geëet.
Gen 3:14 Toe sê die HERE God aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe.
Gen 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.
Gen 3:16 Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers.
Gen 3:17 En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.
Gen 3:18 Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.
Gen 3:19 In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.
Gen 3:20 En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe.
Gen 3:21 En die HERE God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek.
Gen 3:22 Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie!
Gen 3:23 Toe stuur die HERE God hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is.

Artikel 17: Die Verlosser deur God beloof
Ons glo dat ons goeie God in sy uitnemende wysheid en goedheid die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het. God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak - sy Seun, wat uit 'n vrou (Gal. 4:4) gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel (Gen. 3:15).
Gen 3:15; 22:18; Jes. 7:14; Joh. 7:42; 2 Tim. 2:8; Heb. 7:14; Joh. 1:14; Gen. 3; Gal. 4:4.

Skriflesing: Genesis 3:9-23
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 17**
Teks**: Genesis 3:9,15**
Sing- Ps. 146:4; Ps. 119:12; Ps. 105:5

Broeder en suster- God is die God van die verbond. Hy wil in verbondenheid met die mens wees. Die skepping was nog nooit los van God nie. Hy wat alles gemaak het, selfs al het die

mens 'n gemors gemaak, want het ons in Art 17 Nederlandse Geloofsbelydenis weereens die harde taal van wat die mens oor homself gebring het Die mens het **homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp, geheel en al ellendig gemaak, al bewende het die mens van God weggevlug....** Niks is goed as dit aan die mense kant geskryf staan nie, want ons sê dit weer- ons het onsself geheel en al ellendig gemaak.

***

Maar nou gaan dit in Art 17 nie meer oor die mense kant nie, oor ons sonde en die sondeval (Art 14), dit gaan ook nie meer oor die gevolge van die sondeval en ons erfsonde nie (art 15) nie, maar art 16 het reeds die ander kant, God se kant na vore gebring. Art 16 het met die geweldig moeilike te doen gehad, daar waar ons dit durf waag om oor God se uitverkiesing te praat, maar ons moes daaroor praat want die Bybel, God se Woord is daaroor aan die praat.

Die belydenis wil mos maar net sê wat God sê, net in die formaat hoe die mens hierdie groot waarhede kan verstaan en aan ander mense dit kan oordra. Terwyl art 16 dit doen was dit reeds duidelik dat God is 'n barmhartige God en Hy is 'n regverdige God. Daaroor laat Art 16 geen twyfel nie. Art 16 gaan oor die leer van die besluit van die uitverkiesing, art 17 gaan oor die uitvoering van die besluit. Ons het so baie om voor dankbaar te wees om te mag weet dat die sekerheid van ons saligheid nie van die mense kant afhang nie. As God vir die mens sou moes wag om Hom te kies, vóór Hy ons sou kon kies dan sou niemand maar niemand gered word nie.

Die barmhartige God en Vader het geweet dat dit onmenslik en onmoontlik vir die mens is om hom/haarself te red. So min soos die mens uit homself reg kan kies, nog minder kan die mens homself red. Onmoontlik want hoe kan die mens wat gesondig het, hoe kan hyself vir sy sonde betaal. Onmenslik sou dit wees want daar is geen mens wat die sware toorn van God aan sy menslike natuur sou kon dra sou dit maar net 'n mens wees wat vir 'n ander mens sou moes betaal nie. Die een wat die toorn sou moes dra sou nie maar net 'n mens kon wees nie, Hy sou God moet wees om op enige wyse aan die reg en aan die toorn van God te voldoen. Daarom het Art16 God se barmhartigheid maar ook God se regverdigheid bely. Art 16 sluit af deur te sê- **God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.**

***

Art 17 Nederlandse Geloofsbelydenis laat ons God se verhouding met die gevalle mens net nog nader bekyk. Die eerste vrug van die sonde is om van God verwyderd te wees. Art 17

bring ons egter gou in die skoonveld van God se wysheid en goedheid en in die oorvloed van genade wat daar by God is. Die gees van afwagting wat daar al in die paradys was word al duideliker na vore gebring. God bring altyd weer die verrassende na vore. Daar was voor die sondeval al soveel verrassings. God wat aan Adam opdra om die diere name te gee. Dit is so verrassend want God het Self tog baie beter geweet wat die naam van elke dier moet wees, maar God wil dit anders doen. Hy wil die mens betrek en soos Adam dan die diere benoem so is hulle genoem. Die verassing wat daar by die mens moet wees om te mag weet ons kan saam met God, ons Skepper wandel. Dit was iets van 'n daaglikse hoogtepunt wanneer God die mens saans in die tuin opsoek en saam het hulle in die tuin windjie gewandel. Om nie te praat watter verrassing die skepping van Eva vir Adam sou wees nie. Sy lewensmaat, sy gelyke, vlees van my vlees, been van my gebeente, uit die man geneem en tog mens na God se beeld soos haar man.

***

Dit was voor dié sondeval wat as die volmaakte en goeie bekendstaan maar die mens was nie volmaak in wat sy kennis en spesifiek die kennis van die kwaad sou wees nie. Hulle het nie die goeie en die kwaad waarlik geken nie, al was daar hoeveel kennis ter sprake. Hierdie het nie net vir die mens 'n groot verrassing ingehou nie, maar 'n geweldige groot ontnugtering. Daardie eerste dag van die sondeval was al iets verskriklik gewees. Eva eet van die boom, haar man langs haar, hy eet, sy arm wat lank genoeg kon wees om Eva se arm van die boom weg te ruk, maar hy doen dit nie, nee hy eet saam met haar. Die slang is mos nou die beterweter en nie meer God wat in alle geval alles weet nie. Adam, die hoof van die skepping en die hoof van die vrou het niks meer wat hom die ware Adam, die ware ampsdraer kan maak nie, hy moes uit sy amp uit, soos hy en sy uit daardie tuin moes uit. Die mens word die prooi van allerhande ellende en smart. Orals kom daar skeuring en tweedrag. Engele en mense word nou vreemdelinge vir mekaar. Ons weet die eerste sonde het al in die hemel uitgebreek, aan die voet van God se troon. Daar waar die duiwel eers ook 'n engel was, maar dit nie vir hom goed genoeg was nie. Die sonde wat in die hemel uitgebreek het, het epidemies na die aarde oorgespoel.

Die geval en die degradering en die degenerasie wat na hierdie eerste daad van ongehoorsaamheid die volmaakte skepping ingekom het, sal geen mens behoorlik kan beskryf nie. 'n Blom word nou ook 'n doring, wat jou steek as jy daarin trap, diere wat mak was, wat na die mens sou kom, word wild en selfs van hulle baie gevaarlik... Nou word die mens gebore om te sterf, hy moet sweet as hy werk, die vrou moet in pyn vooroor buig en

inmekaar trek (baie keer in diep skreiende gille) met die kontraksie van geboortes, tog is die man die een wat die vrou nou gaan uitbyt, liggaamlik haar stukkend maak, manne word heersers wat vroue tiranniseer, dit is wel die letterlike betekenis van Gen. 3:16- *na jou man sal jou begeerte wees en hý sal oor jou heers*.

Die verrassings van die tuin word verdere bedreigings. As die mens die tuin moet uit moet daar vlammende vuur aan die ingang wees, vuur wat in vlammende swaard die mens keer om nie weer hier in te gaan nie en boonop 'n engele erewag, gerubs wat die ingang moes bewaak. Die mens moes hieruit want sou die mens, Adam weer hierin maar hy doen dit sonder Christus dan is almal ewig verdoem en verlore.

Die mensheid wat oorspronklik een was word nou 'n verstrooide en verskeurde mensdom. Daar kom klasse en stamme. Daar is nou alewig stryd tussen die volkere onderling. Verdeeldheid in families, ouers en kinders, broers en susters, die ganse mensheid is een stryd van alles teen almal. Die sonde bring stryd in jouself. Daar is 'n verwoesting binne ons. Die stryd tussen die gees en die vlees, tussen kop en hart. Die sonde verblind ons verstand en bederf ons hart en laat kragte in ons waarteen ons nie alleen kan veg nie. Hierdie verwoesting sal voortduur tot die dood wanneer die siel van die liggaam geskei word. Ook die onbesielde skepping is in ellende gedompel. Alles sug en kom daar droogtes, oorstromings, aardbewings, die wette in die natuur ruk op teen wat die sonde is en wat die sonde doen. Vulkane bars uit, daar kom stryd onder die diere, stryd onder die plante. Die mens in die wêreld word 'n speelbal van hartstogte, 'n wapen van ongeregtigheid. Die sonde skei en vernietig, bring onrus en stryd, die mens word 'n slaaf daarvan.

***

Maar broeder en suster, art 17 bevat twee groot heilswaarhede waarvan beide al Genesis 3 se blaaie inkleur. God wat die mens weer kom opsoek al het die verskriklike sondeval so pas plaasgevind en die tweede geweldige troos is die moederbelofte wat ook al in Gen. 3 staan. Ons het gewys op die verrassings voor die sondeval, maar die verrassende van art 17 soos uit Gen. 3 gehaal kan ons ook binnehaal.

Man en vrou wat skielik bewus is van hulle totale liggaamlike naaktheid wat hulle sondebevlekte handjies verder na God se skepping uitsteek, ja weer word daar na die bome gegryp, nou nie na die vrug nie, maar na die blare.... daar word na blare gegryp en dit word 'n sondige kultuurdaad, blare word aanmekaar gewerk om darem iets van 'n bedekking te wees

vir die ontblote slegte geslagte, ja man en vrou is nou skaam vir wie hulle werklik is. Dit hoort so want sonde se eerste resultaat is 'n skeurdaad en 'n beskamingsdaad. Losgeskeur van God, maar ook losgeskeur van die een die naaste aan my, man en vrou wil nie meer openlik man en vrou wees nie. Hulle soek bedekking, hulle is skaam. Die huwelik word nou 'n rok aangetrek. Hulle kultuur van menswees word nou 'n kultuur van ek wil myself wegsteek, ek moet wegkruip, ek wil nie gesien wees nie, ek is bang, ek is skaam ek is weerloos ek wil alleen wees, man en vrou kan mekaar selfs nou openlik begin verwyt, soos dit dan ook gedoen is. Dit hou net nooit op nie. Agter die huweliksrok word selfs die slang verwyt, *die slang het my bedrieg en ek het geëet...* Die man verwyt die vrou, die vrou die slang, hoe vêr is hulle nie reeds in hulle verwyte nie. Die slang moet nou stof eet en in die stof suil want het die mens in die stof gebyt waaruit hy aanvanklik geneem was toe hy gemaak was.

In die stof van sonde besef die mens niks is meer soos dit moes wees nie. Niks is meer soos dit was nie. Die vrymoedigheid is weg, die mooi oop verhoudinge is weg, die mens is bang en kruip weg. Alles en almal het anders geword, maar God het nie verander nie. Broeder en suster, die onveranderlike God dit is waaroor Art 17 'n lied kon skryf. God kom terug na die mens, nie met leë hande nie, maar God bring genade saam. Genade op genade. Die verrassende van genade is om te besef dat God al het die mens geval God het die mens weer gaan opsoek. Hy staan daar in die tuin al as't ware met sy Seun in sy arms. Die liggaam van sy eie Seun wat vir ons sonde sou moes betaal. Ons kan ons dit so voorstel, God is in smart, met trane word daar geroep en gevra- Waar is jy, Adam? Hoe verskriklik alles ook geword het en dit is verskriklik, maar daar het waarlik niks aan God verander nie. Ons het 'n God wat ons in genade opsoek. Hy wat weet as jy wil wegkruip, Hy wat weet nie net waar jy wegkruip nie, maar ook hoekom jy wegkruip.

Wanneer ons art 17 in sy volle konsekwensies na ons sien deurwerk, geliefdes dan bring dit vir ons God se verbond saam. Al word die verbond dan nou nie spesifiek by name genoem nie, daar is geen aparte verbonsleer ter sprake nie, maar as ons belydenis dit uitspel -**God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak-** presies hierdie woord van art 17 is verbondsgerig en is waarlik bedoel dat die verbond wat God met Adam gehad het, die verbond moet voortduur. Al het die mens bande gebreek, God wil nie bande breek nie, God wil nog altyd sy kant van die verbond nakom. Daardie beloftes maar ook daardie eise wat alreeds in die paradys gegeld het, presies soos God dit bepaal het,

kan nie weggepraat of soos water in die woestyn verdwyn nie. God se beloftes en God se eise, staan vas. Trouens die hele Bybel, God se Woord van begin tot einde, is eintlik een aaneenlopende openbaring van hoe God sy beloftes nakom. Al word die mensdom hóé boos, dit berou God dat Hy die mens gemaak het, nogtans red God. Dit sien ons keer op keer. By Noag en sy familie, selfs maak God sy beloftes meer en duideliker. Hy beloof dat Hy die aarde nie weer deur water sal verdelg soos rondom Noag nie. Die reënboog wat maar altyd nog 'n kleureboog in die skepping was, word nou verbondsmatig betrek. Daar word betekenis by die reënboog gevoeg wat daar nie altyd was nie. Die reënboog word as't war God se handtekening na die reën-kontrak dat daar nie weer soveel reën sal val nie.

En dan word al die kinders uit Noag gebore weer een groot heidendom, weereens word net een van Noag se kindskinders, net één word verkies. Abram en sy onvrugbare vrou word geroep, daar word aan hulle grond uit die hemel belowe. Die stof word meer, 'n wonderskone land en 'n besondere groot nageslag en dit aan 'n kinderlose egpaar. God sit weer sy handtekening daarby, die teken is nou meer as net die reënboog, daar kom bloed by, dit word in bloed geteken as die besnydenis 'n verpligting word. En die kinderlose huwelik laat uit die dooie lewe kom, Sarai word swanger waar dit eintlik nie meer kon nie. Die lewe kom soos in die woestyn, soos 'n droë stomp skielik 'n groene steggie wys, want God los nie sy kinders nie. Elke keer hernu God sy beloftes, al word die volk naderhand die slawevolk in Egipte dan is Moses die tipe verlosser wat net God kon gee, God maak sy handtekeninge meer en meer dat Hy sy verbond sal nakom. Die offers en die seremonies wat daar bykom, die feeste en die heilige dae wat gevier word, alles 'n nakoming van God kyk na sy kinders, God het Homself met 'n eed, met 'n belofte aan ons verbind.

Sy eie Seun word aan ons geskenk. God moet Hom van sy eie Seun losskeur, 'n Vader wat vir sy kinders betaal, dit deur Homself in sy Seun te gee. Die Seun van God kom om die mens salig te maak, so het ons bely. Hierdie Seun uit 'n vrou gebore (Gal 4:4), maar Galasiërs staan nie los van Genesis nie, dit gaan om moeder wees, die vrou uit die Seun gebore sal die slang sy kop vermorsel, wat natuurlik Satan is, maar die moederskap wat Adam ná die sondeval geprofeteer het tree in volle werking en glorie.

As ons dan maar net weer na die eerste Adam kan terugkeer, dan is die feit van moederskap die heel laaste opgetekende woorde wat ons ooit van Adam gehoor het. Na Eva gesondig het, ja Adam kon haar soveel slegte name wou toevoeg alhoewel hy niks minder skuldig was as

sy nie, trouens hy is eintlik meer skuldig, want hy het sy hoofskap nie uitgevoer nie, hy het die amp versaak, tog noem Adam Eva nie by ’n klomp slegte name nie, maar Adam tree profeties na vore. Hy benoem Eva nie volgens wat haar sonde was nie, maar volgens wat God se belofte is. Dit word die Moederbelofte. Na die doodsvonnis so pas oor hom uitgespreek is, doen Adam belydenis van sy geloof- Hy noem sy vrou na die lewe- Eva – moeder van alles wat lewe. Dit is die laaste wat ons Adam ooit hoor praat, maar sy laaste beroemde woord, is eintlik soos ’n vader wat vir ons wil katkiseer. Luister daar is die vrou wat die Seun in die wêreld gaan bring wat God se Seun is, God sy Vader maar sy kerk, sy kinders moet in Hom wees. Die moederbelofte slaan op dubbele moederskap, dit is net moeders wat hierdie belofte kon vervul, maar hierdie belofte self is die moeder van alle ander beloftes wat God sou maak.

Art 17 het dus in sy kern dit wat die moederbelofte was en nog steeds is. Dit is die verbond wat na alle kante praat. Daar sal vyandskap gestel word, vyandskap waar die mens gedink het ’n vriend van satan te wees. Tussen die slang, tussen die vrou en tussen haar saad en die nageslag van die slang, die slangesaad, mense wat God nie ken nie, sal daar nie vrede wees nie. As God vyandskap stel dan bedoel Hy vyandskap... Die vrouesaad word Christus, wat die slang in sy oorsprong sal vermorsel, sy kop sal vermorsel word, daar sal heling en lewe kom. Die werk op Golgota het dit moontlik gemaak, want rondom ’n boom is daar gesondig, aan iets van ’n boom, aan ’n houtkruis sou daar betaal word, dat die boom van die lewe, meer as net sy hout kon lewer, maar ook sy vrug, elke jaar, elke maand en elke dag.

AMEN